

30 Junie

Lees: 1 Petrus 1:1-7

Fokusgedeelte: Psalm 50:14(a); 1 Petrus 1:7

Lof as geskenk van God sodat dit ons offer aan Hom kan wees

Agter ons lê daar 150 jaar van genade, waarin die Here sy kerk vashou en dra. Ons kan nie anders nie as om saam met Petrus dit uit te jubel: *Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe*. In die Here se groot genade het Hy ons alles gegee.

Dit is egter ook werklikheid dat ons in ons feesjaar – en elke dag – daarvan bewus bly dat ons somtyds *bedroef gemaak word deur allerhande beproewings*. Hierdie beproewinge is egter nie om ons tot niet te maak nie. Dit is nie om ons seer te maak nie. Die beproewinge het 'n veel groter doel, naamlik *sodat die egtheid van ons geloof getoets kan word*. Geloof, as 'n gawe van God wat Hy deur sy Heilige Gees in ons harte werk, is *baie kosbaarder as goud*, en dit moet getoets word – gesuiwer word – *sodat dit lof en heerlijkheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Christus*.

Dit is heerlik om te weet dat die Here beproewinge in ons lewe gebruik met 'n baie besondere doel, naamlik tot die lof van ons ware, gesuiwerde geloof. Die lof wat Hy gee, omdat Hy God is. Aan die ander kant ook die geloof wat deur God gesuiwer is met 'n doel selfs nog hoër as wat ons werklik kan begryp, naamlik *die lof en heerlijkheid en eer wat aan die Here Jesus Christus gegee sal word by sy wederkoms*.

Die hele groot prent bymekaar spel die heerlijkheid uit van dit wat ons in Christus is, naamlik God se kinders. Kinders wat *lof as 'n offer aan God moet gee*; kinders wat ons lewe daarop moet rig om Hom alleen te dien en ons lof van Hom alleen te ontvang; kinders wat deur beproewing heen dié vreugde beleef dat alles gaan om die lof van God alleen.

Sing: Psalm 68:9 (Totius-beryming)

Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)